

plaas.
Vincent Barnes, Suid-Afrika
A se afrigter en 'n voormalige

Die bouler onder die grootste
druk is Vernon Philander.
Die Kaapse naatbouler, wat

86.8.
Daar word geglo Rabada se
bykomende vaart en wip op dié

hom oppas.”
Die eerste toets begi
November in Mohali.

Caroline wil in NY vir Spele kwalifiseer

Sarel van der Walt

Caroline Wöstmann, die Twee Oseane- en Comrades-kampioen vir vroue, kan Sondag haar droomjaar afsluit met 'n goeie vertoning in die New York-marathon.

Die 32-jarige Wöstmann, 'n lektor in ouditkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand, se grootste mikpunt in New York is volgens Lindsey Parry, haar afrigter, om te verbeter op haar beste marathontyd van 2:44:57.

“Caroline wil nie druk op haarself plaas deur voorspellings te maak nie. Sy wil net haar beste marathontyd tot nog toe hardloop.”

Die kwalifiserende maatstaf vir deelname aan volgende jaar se Olimpiese Spele in Rio de Janeiro, Brasilië, is 2:42:00.

Hoewel dit byna drie minute vinniger is as haar vorige beste tyd, behoort sy dit te oortref omdat dit dié eerste keer is dat sy fokus op die marathon-afstand.

Vroeër het sy haar hoofsaaklik op die Comrades en die Twee Oseane toegespits.

Parry wou nie sê waartoe hy dink Wöstmann in staat is nie.

“Ek het 'n mikpunt vir haar gestel, maar Caroline was ongemaklik daarmee omdat sy meen dit is té vinnig,” het die afrigter



Caroline Wöstmann toe sy vanjaar die Comrades gewen het.
Foto: IAN CARBUTT

“
Caroline wil nie druk op haarself plaas deur voorspellings te maak nie. Sy wil net haar beste marathontyd tot nog toe hardloop.

gesê.

Baie kundige mense glo Wöstmann is in staat tot 'n tyd van vinniger as 2:30. Hokaai, sê Parry. “Die tye wat sy op die oomblik in oefeninge hardloop, dui beslis nog nie op 'n sub-2:30 nie. Sy hardloop nog nie die tye waarop ek gehoop het sy sou in dié stadium in staat wees nie.”

Wöstmann het die op-Comrades Pietermaritzburg toe in 'n baie haastige 6:12:22 gewen, net enkele weke nadat sy die atletiek-wêreld – en Parry self – verras het met 'n indrukwekkende oorwinning in die Twee Oseane.

Ná haar Comrades-oorwinning het Wöstmann, wat in Pretoria woon en in Johannesburg werk, besluit om haar Johannesburgse oefengroep te verruil vir een in Pretoria waar Parry aan die Universiteit van Pretoria se hoëprestasiesentrum (hpc) betrokke is.

“Dié oorskakeling na die nuwe oefengroep was vir haar 'n aanpassing. Tog het dit goed gegaan met haar oefening en is ek vol vertroue dat dit Sondag goed sal gaan,” het Parry gesê.

“Sy het my al twee keer vanjaar verras ...”

Wöstmann het gister in New York aangekom.

Nóg net vier Suid-Afrikaanse vroue – Elana Meyer (2:25:15), Colleen de Reuck (2:26:35), Frith van der Merwe (2:27:36) en René Kalmer (2:29:59) – het al vinniger as 2:30 gehardloop.

Daar is net drie plekke in die vroue-marathonspan vir die Rio-Spele en die mededinging is kwaai. Kalmer (2:33:21), Mapaseka Makhanya (2:31:02), Lebo Phalula (2:38:55), Christine Kalmer (2:39:16) en Tanith Maxwell (2:39:43) het al gekwalifiseer.

Drie nu skolere

Hannes Nienaber

Net drie nuwe lede van die Suid-Afrikaanse Skoolvereeniging (SASRV) se verkies op die verenigingsvergadering wat Maandag in Woodstock, Kaapstad, plaasgevind het.

Die drie is Wikus Nienaber, Pieter Hertzog, Puma Smith (Luiperds) en Groenewald (St. Joseph Mission, Westelike Provinsie), onderskeidelik as eerste, tweede en derde bykomende lede vir die komende jaar verkies is.

Die vereniging se nuwe senter, Noel Ingle (Georgina, KwaZulu-Natal), is verkies as eerste ondervoorzitter (hoërskole).

Katiso Mosioua (Greyton) is onbestrede tot nuwe ondervoorzitter (hoërskole) verkies. Ingle se benoeming is ook onbestrede.

Mosioua sou aanvanklik Ferdinand (Curry, Blou Bulle) as eerste ondervoorzitter, teengestaan word, maar het besluit om hom te ontseun.

Hy sê sy skool vereis sy aandag. Mosioua is 'n nuwe lid van 'n bykomende lid van die vereniging.

Granville Josephs (Grahamstown) is as eerste ondervoorzitter (laerskole) verkies. Hy het ook 'n nuwe lid in die bestuur. Hendrik Janse van Rensburg (Sunridge Primary, Provinsie) is vir die komende twee jaar onbestrede in die bestuur.